Die agtergrond tot Howell se eerste Ope Brief is die *feitelike* situasie waarbinne die kerke van die GKSA hulle tans bevind. Plaaslike Gereformeerde Kerke (kerke op 'n spesifieke plek, bv. die Gereformeerde Kerk Pofadder) kom byeen saam met ander plaaslike gereformeerde kerke en vorm só 'n kerkverband. Daardie kerke onderneem teenoor mekaar dat hulle in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde sal optree en dat hulle hul sal hou aan die besluite wat die kerke tesame tydens meerder vergaderings geneem het. Indien hulle ongelukkig is oor die besluite wat geneem is, onderneem hulle om op die kerklike weg (deur beswaarskrifte en appèlskrifte) hulle probleme met die ander kerke op te neem en uit te sorteer. Eers wanneer hulle besware of appelle geslaag het en 'n besluit op grond daarvan verander sou word, sal hulle volgens daardie (veranderde) besluit begin optree. Ongelukkig is daar kerke wat nie hou by hul beloofde onderneming om hulle te hou by die besluite wat hulle saam met die ander kerke geneem het nie. Tydens Sinode 2012 was daar meer as een predikant wat openlik in die vergadering erken het dat hulle hul nie hou by genome besluite nie.

Tans is die gestoei binne die GKSA oor die vraag na die vrou in die amp, die puntjie van die ysberg, skryf Howell. Daar is kerke binne die GKSA waar daar kinders tot die nagmaal toegelaat word. Daar is kerke waar hulle liedere tydens die erediens sing wat nie saam met die ander kerke getoets is aan die Woord nie. Daar is kerke wat reeds vroue in die ouderlingamp bevestig het. Daar is selfs 'n kerk waar vroue toegelaat word om te preek.

Howell noem dat daar beskuldigings gemaak word dat sy Ope Brief kerkskeuring aanwakker. Die werklikheid is dat diegene wat hierdie beskulding maak dikwels die oorsaak is dat die eenheid binne die kerke versteur word. Van diegene wat erg beswaard is oor die Ope Brief, hou hulle nie aan onderlinge genome besluite nie en hul *optrede* wys dat hulle hulself nie as gebonde beskou aan die Skrif, belydenis en kerkorde nie. Howell pleit met sy Ope Brief nie vir kerkskeuring nie, maar roep daadwerklik op tot terugkeer na Gereformeerde-wees soos wat "ons met mekaar ooreengetrek het". Sodoende moet 'n potensiële kerkskeuring huis verhoed word. En dit is tog die eerlike weg om te loop. 'n Huis kan nie binne homself verdeeld wees deur twee stelle huisreëls te probeer nakom nie. Wie is dan reg en wie is verkeerd? Ons lewe in 'n tyd waarin relativisme verkondig word. Dit beteken dat daar ontken word dat daar 'n vaste en sekere waarheid is. Om nie aan 'n vaste waarheid te glo nie, is ook

'n standpunt. Alle standpunte kan nie langs mekaar aanvaarbaar wees en ter wille van die liefde (maar ten koste van die waarheid) verdra word binne een kerkverband nie.

Ds. M. Van Helden laat 'n soortgelyke geluid as dr. Howell hoor. Nie almal dink egter so oor hierdie saak nie. Dat daar 'n bewuste poging is om binne die GKSA die vrou tot alle ampte toe te laat, blyk byvoorbeeld uit die *VERKLARING DEUR 32 GEREFORMEERDE PREDIKANTE OOR DIE VROU IN DIE BESONDERE AMPTE*. Hierdie verklaring wys uit dat die wens vir die vrou in die diakenamp, 'n onderdeel is van die breër wens om die vrou tot alle ampte toe te laat, iets 'wat Christus vir hulle aan die kruis verdien het'. "Ons is oortuig dat die erkenning van vroue se reg (in Christus) om God in die besondere ampte te dien, inlyn staan met die kerk se roeping tot voortdurende reformasie."

Ook die GK Brooklyn dink in hierdie lyn: "Die verslag wat aan die Sinode voorgelê is, het die volgende uitgelig oor die aard van die verskil, synde beide uit die Skrif verantwoord kan word. Ons haal aan:

"*Die twee standpunte soos uiteengesit in hierdie rapport rus op die Skrifbeskoulike en hermeneutiese vertrekpunte ooreenkomsdig die leer van die kerk. Die verskil tussen die twee standpunte lê op die vlak van eksegetiese sintese.*

*Die saak van vroue in die besondere dienste al dan nie, is nie opsigself'n belydenissaak nie.*

*Om hierdie redes behoort besluitneming hieroor nie die eenheid van die kerke in gedrang te bring nie."*

Die GK Brooklyn vervolg dan: "Die kerkraad erken as Skrifgefundeerde beginsel dat Jesus Christus alle mense roep om oral Profeet, Priester en Koning te wees en besluit daarom dat geslag nie in die Gereformeerde Kerk Brooklyn 'n oorweging sal wees vir persone om in enige amp bevestig te word nie maar wel roeping, gawes en voorbeeld." Die kerkraad van die GK Brooklyn het egter besluit om nog nie praktiese uitvoering aan hulle visie dat die vrou in alle besondere ampte kan dien, te gee nie.

Daar is egter wel ander plaaslike gemeentes in die GKSA wat dit reeds gedoen het.

Dit is duidelik dat dit hier oor meer gaan as oor die vraag of vrou in ampte mag dien. Dit gaan oor Skrifbeskouing, die hermeneutiek, die visie oor die rol wat kultuur mag speel in die verklaring van die Bybel.

Die VGKSA het op sy Sinode te Bethal in 2014 die volgende besluit:

"To continue contact with the RCSA on a national level in view of strengthening the bond in the unity of the Reformed faith. Ground: To strive towards unity between believers is a Biblical command."

"That in the discussion attention should be given to the RCSA's contacts with other churches as well as the issue of hermeneutics concerning the issues mentioned below:

- i. What is the official RCSA approach to hermeneutics?
- ii. To so-called *Cloete versification (Cloete omdigting)*.
- iii. The RCSA Synod's decision on women as deacons.

In the discussion deputies should take into account that some churches have ordained female elders contrary to RCSA synod decisions.

Ground: Clarity regarding above issues should help to promote unity."

Die kontakte met die GKSA het as doel om die band in die eenheid van die Gereformeerde geloof te versterk. Ons behoort daardie gemeentes, predikante en lidmate in die GKSA wat stry vir die behoud van die Skriftuurlike visie op die geslagtelikheid van die ampte en 'n suiwer Gereformeerde hermeneutiek, by te staan.

In die lig van die Skrif word vroue geroep tot diakonale arbeid in die kerk, en kan dus aktief wees as diakonesse. Dit is wel belangrik om hierdie term dan korrek te interpreteer. Ons het beswaar teen die vrouw in 'n regeeramp. Solank die diakenamp nie duidelik afgeskerm is van 'n regeeramp nie, is dit vir ons 'n struikelblok. Ons neem waar dat die diskussie in die GKSA voortgaan, en dit is volgens ons omdat die sinode nie die amp van diaken goed geposisioneer het nie. Wat betref die proses soos dit nou in die GKSA gaande is, het die geskiedenis in ander kerkverbande bewys dat die vrouw in die diakenamp 'n opstappie was na die oopstelling van alle ampte.

Hierbo is gewys op onskriftuurlike tendense wat hulle intrede doen in sommige GKSA gemeentes, moontlik onder druk van die samelewing en tydsgees. Ons verwys byvoorbeeld na die ope brief van 32 predikante; asook die verklaring van die kerkraad van die GK Brooklyn, om enkele voorbeeldte noem. Ons neem waar dat die feit dat vroue tans in die diakenamp kan dien in die GKSA, onderdeel is van 'n beweging om alle ampte vir vroue oop te stel, en dat dit berus op 'n ongerefommeerde hermeneutiek. Daarom staan dit op gespanne voet met Skrif en belydenis.

Die wyse waarop die boekie *Manlik en Vroulik in die kerk. Geslagtelikhed en die besondere dienste* eksegese ten gunste van oopstelling van alle ampte vir vroue en die eksegese wat dit uitsluit, as wettige alternatiewe aanbied, is op basis van Skrif en belydenis en die gereformeerde hermeneutiek onaanvaarbaar.

Dit is vir ons onaanvaarbaar dat die GKSA sinode uitgespreek het dat die saak van vroue in die besondere dienste al dan nie, nie op sigself 'n belydenissaak is nie. Hoe kan mens so 'n algemene standpunt inneem, terwyl dit huis gaan oor Skrifbeskouing en hermeneutiek? Dit kan volgens ons nie anders as dat dit die eenheid in die kerke in gedrang bring.

Solank hierdie dinge nie reggestel is in die kerkverband van die GKSA nie (en dit geld uiteraard nog destee meer vir die feit dat in sommige GKSA gemeentes vroue ook in die ouderlingamp dien), vorm dit 'n struikelblok tot kerklike eenheid tussen die GKSA en die VGKSA. Solank daar nie een duidelike en Skriftuurlike lyn getrek word in die GKSA m.b.t. die vrouw in die ampte nie, sal verdere toenadering op nasionalevlak nie moontlik wees nie.

Op plaaslikevlak sal daar wel verdere toenadering kan plaasvind, wanneer plaaslike gemeentes vashou aan die lyn wat die Skrif en Belydenis wys m.b.t. die regering van die kerk.

Ondertussen sal die VGKSA wel – met hulle beperkte moontlikhede probeer uitreik na hulle in die GKSA wat die wag hou by die waarheid, dit uitleef in leer in lewe, ook in die kerklike lewe, ook in die wyse waarop die kerk volgens die Skrif geregeer moet word, inlyn met die besluit op Behtal sinode: "in view of strengthening the bond in the unity of the Reformed faith".

Ons hoor graag hoe die deputate van die GKSA oor hierdie saak dink. Is die vrouw in die regeeramp volgens u 'n belydenissaak? Is dit moontlik om twee eksegetiese lyne oor die vrouw in die besondere ampte in die Bybel te vind, wat mekaar weerspreek? Hoe kan mens twee standpunte wat mekaar uitsluit en nie verdra nie, beide uit die Skrif verantwoord?

## Ann. 5.6: Kommentaar op VGKSA Memorandum: Vrou in (diaken)amp.

### GKSA: DEPUTATE EKUMENIESE SAKE: BINNELANDS

#### Gesprek met VGKSA Deputate: *Kontak met binnelandse kerke*

#### KOMMENTAAR OP VGKSA MEMORANDUM:

#### **VROU IN (DIAKEN)AMP**

##### **1 INLEIDEND**

1.1 Die memorandum ontvang bevat in die eerste 146 lyne 'n samevatting van (geselekteerde) standpunte binne die GKSA rondom die hele vraagstuk van die Vrou in die (diaken)amp.

1.2 Daarna (147 – 209) word gevolgtrekkings gemaak wat die VGKSA (se deputate?) se standpunt verwoord en waarin sekere vrae aan die GKSA gerig word.

1.3 Die inligting in die memorandum is – as gevolg van die lang tydsverloop – ook al weer effens gedateer, aangesien GKSA twee opvolgende Sinodes gehad het waarin die vraagstuk verder hanteer is.

1.4 Daar gaan eers gepoog word om 'n kort, geordende uiteensetting van die gedagtelyn van die memorandum te gee, waarna kortlik oor elke gedagtelyn kommentaar gelewer sal word.

##### **2 KERNLYNE VERKRY UIT MEMORANDUM**

2.1 Die memorandum werk in wese met twee sake, naamlik:

1 Die vraagstuk *Vrou in die diaken(amp)*

2 Die implikasies van hierdie vraagstuk vir die ekumeniese verhoudinge

##### ***Die vraagstuk: Vrou in die (diaken)amp***

2.2 Die wesenlike saak op tafel is (147-149):

*Dit is duidelik dat dit hier oor meer gaan as oor die vraag of vrou in ampte mag dien. Dit gaan oor Skrifbeskouing, die hermeneutiek, die visie oor die rol wat kultuur mag speel in die verklaring van die Bybel.*

2.3 Die standpunt dat die vrou nie in die (diaken)amp kan dien nie, is (164-165):  
*die Skriftuurlike visie op die geslagtelikheid van die ampte en 'n suiwer Gereformeerde hermeneutiek*

2.4 Die standpunt dat die vrou wel in die (diaken)amp kan dien, is gevolelik:

... aanduidend van onskriftuurlike tendense (175)

... rustend op 'n ongerefomeerde hermeneutiek (179)

... en staan dit op gespanne voet met Skrif en belydenis (180)

2.5 Die vraagstuk rondom die vrou in die (diaken)amp is 'n belydenissaak (187-188):

*Dit is vir ons onaanvaarbaar dat die GKSA sinode uitgespreek het dat die saak van vroue in die besondere dienste al dan nie, nie op sigself'n belydenissaak is nie.*

##### ***Die implikasies van hierdie vraagstuk vir die ekumeniese verhoudinge***

2.6 Solank die standpunt dat die vrou wél in die besondere dienste kan dien, gehandhaaf word, word die eenheid in kerke in gedrang gebring (189-190) en is verdere toenadering tussen kerkgemeenskappe nie moontlik nie (195-196):

*Dit kan volgens ons nie anders as dat dit die eenheid in die kerke in gedrang bring.*

*... sal verdere toenadering op nasionale vlak nie moontlik wees nie.*

2.7 Die versterking van die band van eenheid van die gereformeerde geloof, lê in die bystaan van dié kerke en individue wat by die waarheid waghou, hier spesifiek die standpunt dat die vrou nie in die besondere dienste kan dien nie (163-165; 198-199, 201-202):

*Ons behoort daardie gemeentes, predikante en lidmate in die GKSA watstry vir die behoud van die Skriftuurlike visie op die geslagtelikheid van die ampte*

*en 'n suiwer Gereformeerde hermeneutiek, by te staan.*

*Op plaaslike vlak sal daar wel verdere toenadering kan plaasvind, wanneer plaaslike gemeentes vashou aan die lyn wat die Skrif en Belydenis wys m.b.t. die regering van die kerk.*

*Ondertussen sal die VGKSA wel – met hulle beperkte moontlikhede probeer uitreik na hulle in die GKSA wat die wag hou by die waarheid.*

### **3 KOMMENTAAR OP DIE KERNLYNE**

3.1 Aangesien hierdie gesprek gevoer word tussen die deputate van twee kerkgemeenskappe, word in hierdie kommentaar nie die persoonlike standpunt van deputate verwoord nie, maar wél die amptelike standpunt van die GKSA (in haar Sinode-besluite).

*Ten opsigte van stelling §2.2 – 2.4:*

3.2 Skrifbeskouing, hermeneutiek en die visie oor die rol wat kultuur mag speel in die verklaring van die Bybel is altyd ter sake wanneer gelowiges saam met mekaar worstel om 'n vraagstuk vanuit die Skrif te beantwoord.

3.3 Die GKSA is egter nie van mening dat verskille rondom die vraag of die vrou in die (diaken)amp kan dien, de facto verskille ten opsigte van Skrifbeskouing en hermeneutiek aandui nie.

3.4 Sinode 2009 (664:§10.16) neem kennis van die volgende uiteensetting van die aard van die verskil tussen die twee standpunte:

*10.16.1 Die twee standpunte soos uiteengesit in hierdie rapport rus op die Skrifbeskoulike en hermeneutiese vertrekpunte ooreenkomsdig die leer van die kerk soos uiteengesit in punte 6 en 7. Die verskil tussen die twee standpunte lê op die vlak van eksegetiese sintese.*

3.5 Sinode 2015 (305:§4.1 - §4.2) stel ten opsigte van enkele kerke se siening dat daar verskille is ten opsigte van Skrifbeskouing, Skrifgesag, Skrifverklaring en Skrifhantering:

*Die GKSA het reeds in die verlede baie aandag gegee aan Skrifbeskouing en Skrifgesag (kyk bv Acta 1988:508–510; 2009:504-506) ... en aan Skrifverklaring en Skrifhantering (kyk bv Acta 2009:506-512).*

Spesifiek word as bevinding gestel:

*Dit is nie nodig dat verder studie gedoen word oor Skrifbeskouing en Skrifgesag nie ... en ook nie ... oor Skrifverklaring en Skrifhantering nie.*

Hierdie bevinding word deur die Sinode aanvaar, juis binne die konteks van die verskille wat binne die GKSA bestaan oor sake waaroor besluite reeds geneem is, wat ook die verskille oor die vrou in die (diaken)amp insluit.

*Ten opsigte van stelling §2.5*

3.6 Sinode 2009 (664-666: §10.16.2, 12.10.3) het nie 'n uitspraak gemaak oor die belydenisaard van die vraagstuk *Vrou in die (diaken)amp nie*, maar net van die volgende uitspraak kennis geneem:

*Die saak van vroue in die besondere dienste al dan nie, is nie opsigself 'n belydenissaak nie.*

3.7 Sinode 2015 (320: §7.3.2) het aangedui dat die verwysde beswaarskrifte wat handel oor die vraagstuk *Vrou in die (diaken)amp* wesentlik is, met die definiëring van wesenlik as (323: §6.1.3.2.1 – 6.1.3.2.3):

*1 Sake wat direk uit die Skrif kom en met Skrifberoep gestaaf kan word en/of  
2 sake wat op grond van direkte Skrifbeginsels uit die Skrif afgelei kan word en/of  
3 gebruikte wat op voorbeeld van die apostels in die Skrif gegrond is.*

3.8 Die vraag wat tans binne die GKSA bestaan en waарoor Sinode 2018 waarskynlik gevra sal word om 'n uitspraak te maak, is die vraag of die besluit van Sinode 2015 die hele vraagstuk *Vrou in die diaken(amp)* wesentlik maak al dan nie.

*Ten opsigte van stelling §2.6:*

3.9 Alreeds Sinode 1988 het gestel (516:§3.3.3) – en met besondere dank daarvan kennis geneem:

*Wanneer kerke na langdurige en biddende bestudering van die Skrif onder leiding van die Heilige Gees tot die slotsom sou kom dat vrouens wél in 'n besondere amp mag dien, sal moeilik beweer kan word dat so 'n besluitstrydig is met die reformatoriese belydenisskrifte - hoogstens dat dit inspanning is met die gereformeerde tradisie.*

3.10 Sinode 2009 (664-666: §10.16.3, 12.10.3) het gevvolglik ook kennis geneem van die volgende beoordeling rakende die eenheid van die kerk en die *Vrou in die (diaken)amp*:

*Om hierdie redes (vgl. 10.16.1. en 10.16.2) behoort besluitneming hieroor nie die eenheid van die kerke in gedrang te bring nie.*

*Ten opsigte van stelling §2.7:*

3.11 Die werkswyse wat die deputate van die VGKSA voorstaan, is dat met sekere kerke en individue binne die GKSA daadwerklik saamgewerk en geleef word, terwyl met ander kerke en individue nie saamgeleef en gewerk word nie. Hierdie optrede word eerder kerkskeurend as eenheidsoekend ervaar.

3.12 Sinode 1967 (365-7:3-5) het dan ook reeds gestel:

*In die kom tot die herstel van die verbroke eenheid, mag die amp van die gelowige nie vergeet word nie. Die amptelik-kerklike weg vir hierdie samesprekings is egter dié van deputate volgens art. 49 KO ...*

#### **4 ENKELE VRAE**

4.1 Die stille vertrekpunt in die memorandum is dat enige oop gesprek rondom die vraagstuk *Die vrou in die (diaken)amp* reeds aanduiding is van 'n ontrouwheid aan die Skrif. Dat die VGKSA hierdie standpunt handhaaf, word ook gesien in die brief wat by die Algemene Sinode van die GKN(v) in 2014 voorgelees is, waarin gestel is:

*In een kerk die trouw wil blijven aan de heilige Schrift, kan de vraag of vrouwen in de bijzondere kerkelijke ambten mogen dienen, niet als een open vraag ter discussie gesteld worden.*

Die vraag bestaan egter:

*Wat is die begronding vir sodanige verabsoluterende vertrekpunt – dat daar selfs geen ruimte vir enige gesprekke en vrae sou wees nie?*

4.2 Ten opsigte van die hele gesprek tussen die VGKSA en die GKSA bestaan die volgende vraag:

*In watter mate vom die woorde van Efesiërs 4:1-3 die vertrekpunt in die verhoudinge tussen die VGKSA en die GKSA? In watter mate word **met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid saam** met mekaar geleef, terwyl beide kerkgemeenskappe mekaar in liefde verdra en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede?*

Ann. 5.7: Deputate KBK se beantwoording van *Kommentaar op GKSA Memorandum Vrou in (diaken)amp*, opgestel deur Deputate Ekumeniese Sake Binnelands (GKSA).

## Ivm Vrou in (diaken)amp

### A. Historiese oorsig

Die eerste VGKSA sinode wat gehou is nadat die GKSA op sinodevlak die vrou in die diakenamp goedgekeur het, het aan sy deputate die opdrag gegee:

“Die Sinode besluit:

10. Dat die deputate die besluit van die jongste sinode van die GKSA, om vroue tot die amp van diaken toe te laat, sal evalueer.”<sup>30</sup>

Op die daaropvolgende sinode het die VGKSA inhoudelik standpunt ingeneem:

“Synod decides:

...

5. That deputies convey synod’s concern about the differences in the GKSA with regards to women serving in an office and monitor and evaluate the development regarding the issue.

Grounds:

- a. This matter uncovers the fundamental hermeneutical differences in understanding and applying Scripture in the GKSA;
- b. This is a contentious issue which affects a church’s view on Scripture and influences the contacts between the churches.”<sup>31</sup>

Die VGKSA deputate KBK het hierdie opdrag wat hulle van VGKSA Sinode 2008 ontvang het, toe onverwyld uitgevoer, en dit ook gerapporteer in hulle verslag aan die daaropvolgende VGKSA Sinode in 2011:

“4.3 To convey synod’s concern about the differences in the GKSA with regard to women serving in an office and monitor and evaluate the development regarding the issue.

Synod’s concern was conveyed in our meeting with deputies of the GKSA on 12 September 2008.”<sup>32</sup>

VGKSA deputate KBK het in hulle verslag aan die VGKSA sinode 2014 ‘n aantal sake genoem wat moontlike verhinderinge kan wees vir nasionale eenwording met die GKSA. Daarin het hulle ook aangedui dat die saak oor die vrou in die (diaken)amp ‘n hermeneutiese saak is.

“Possible Hindrances for the unification with RCSA

#### 1. Summary of possible hindrances

Deputies relations within FRC SA churches in South Africa identify the following issues as possible hindrances for unification with the RCSA and we would like to discuss them with the Deputies of the Reformed Churches. These possible hindrances can be summarized under three categories, namely hermeneutics, ecumenical contacts and discipline.

---

<sup>30</sup> VGKSA Handelinge 2005, p28.

<sup>31</sup> FRC SA Acts 2008, p24.

<sup>32</sup> FRC SA Acts 2011, p98.

- ...
- a. Hermeneutics
    - i. Decision: request for a document which reflects the official RCA approach to hermeneutics
    - ...
    - iii. Attention to the issue of women in the office of deacon (and women in other special offices)<sup>33</sup>

Die daaropvolgende VGKSA sinode (2014) het weer deputate opgeroep om met die GKSA deur te praat oor sake wat eenwording op nasionale vlak verhinder:

“1. To continue contact with the RCSA on a national level in view of strengthening the bond in the unity of the Reformed faith.

Ground: To strive towards unity between believers is a Biblical command.

2. That in the discussions attention should be given to ... the issue of hermeneutics concerning the issues mentioned below:

i. What is the official RCSA approach to hermeneutics?

...

iii. The RCSA Synod’s decision on women as deacons.

In the discussions deputies should take into account that some churches have ordained female elders contrary to RCSA synod decisions.

Ground: Clarity regarding above issues should help to promote unity.”<sup>34</sup>

Hierdie sinode het ook duidelik aangedui dat die debat oor die vrou in die (diaken)amp nie net ‘n saak van uiteenlopende eksegeses is nie, maar van ‘n hermeneutiese aard. Dit blyk ook uit die brief wat die VGKSA Sinode 2014 aan hulle Nederlandse susterkerke geskryf het:

“We are compelled also to communicate our concern about developments in your federation regarding women in office. See annexure 3. We call on you to maintain the orthodox direction. In a church that wants to remain faithful to Holy Scripture, the matter of women in the special ecclesiastical offices cannot be framed as an open question. When the unambiguous teaching of the Word of God about male leadership in the church becomes a matter of debate, then a dangerous hermeneutical approach is showing its influence.”<sup>35</sup>

## B. Repliek op Kommentaar van GKSA Deputate Ekumeniese Sake (Binnelands)

Histories was daar, en in die hede is daar duidelikheid in die VGKSA oor die geslagtelikheid van die amte. Daar is eenstemmigheid oor die uitleg van 1 Timotheüs 3. Na hierdie hoofstuk word daar ook eksplisiet verwys in die Nederlandse Geloofsbelijdenis artikel 30. Oor die verstaan van NGB 30 is daar ook duidelikheid, dat hierdie artikel inlyn met 1 Timotheüs 3 broeders bedoel, as daar verwys word na dienaars of herders van die Woord, ouderlinge en diakens.

---

<sup>33</sup> FRCSA Acts 2014, p65.

<sup>34</sup> FRCSA Acts 2014, p12.

<sup>35</sup> FRCSA Synod Acts 2014, p171.

Histories was daar in die GKSA ook duidelikheid met betrekking tot die uitleg van 1 Timotheüs 3 en die verstaan van NGB 30. Hierdie duidelikheid het egter omstrede begin word, sedert plaaslike kerke vroue as diakens begin bevestig het, en veral sedert die sinodes dit goedgekeur het.

Ons is van mening dat GKSA sinodes in stryd met die Belydenis en Kerkorde gehandel het, toe hulle besluit het dat susters in die diakenamp mag dien. 'n Gereformeerde eksegese van 1 Timotheüs 3 kan ons insiens slegs lei tot die konklusie dat dit daar oor manlike diakens gaan. Vir 'n eerlike verstaan van NGB 30 geld dieselfde. NGB 30 lees 1 Timotheüs 3 duidelik so dat dit slegs oor broeders gaan.

Let wel dat NGB 30 handel oor die *regering* van die kerk. Daarin staan: "Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomsdig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm." Hier word uitgegaan van een kerkraad, bestaande uit bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens.

GKSA sinodes kon daarom nie net besluit het dat diakens nie deel van die kerkraad is nie. As hulle hierdie uitspraak wil waarmaak, moet hulle die belydenis wysig. Hulle sal NGB 30 moet wysig, om aan te pas by hulle besluit om vroue in die diakenamp toe te laat.

Hulle sal ook die Kerkorde moet wysig:

- KO art. 25 sal "in die kerkraad" gewysig moet word na "aan die kerkraad".
- KO art. 28 gaan daarvan uit dat diakens deel is van die kerkraad.
- KO art. 38 gaan ook daarvan uit dat diakens deel is van die kerkraad.
- KO art. 54 impliseer dat diakens deel is van die kerkraad.
- KO art. 79, 81 en 84 impliseer ook dat diakens deel is van die kerkraad.

In hierdie verband is vanuit GKSA-geledere self is tereg die vraag gestel: "Kan ons eerlik een kerkverband wees as ons nie *de jure* (in beginsel) EN *de facto* (in praktyk) een is op grond van Skrif, belydenis en kerkorde nie?"<sup>36</sup>

Soos vanuit GKSA-geledere self ook aangetoon is, is ons van oortuiging dat die besluit om die vrou tot die diakenamp toe te laat, ontstaan het vanuit die breër wens om die vrou tot alle ampte toe te laat. Hierdie begeerte sal 'n bedreiging in die toekoms bly, huis omdat huidige sinodebesluite op gespanne voet staan met die Belydenis en die Kerkorde (soos hierbo aangedui). Solank as die diakenamp nie duidelik afgeskerm is van die regeeramp nie, bly dit 'n bedreiging.

Soos in ons vorige verslag reeds genoem, erken ons in die lig van die Skrif dat vroue tot diakonale arbeid in die kerk geroep word. Ons het egter beswaar teen die vrou in 'n regeeramp. Solank die diakenamp nie duidelik afgeskerm is van die regeeramp nie, is dit vir ons 'n struikelblok. Ons neem waar dat die diskussie in die GKSA voortgaan, en dit is volgens ons omdat die sinode nie die amp van diaken goed gepositioneer het nie. Wat betref die proses soos dit nou in die GKSA gaande is, het die geskiedenis in ander kerkverbande bewys dat die vrou in die diakenamp 'n opstappie was na die

<sup>36</sup> Dr. J. Howell in sy *Ope Brief* (2012).

oopstelling van alle ampte. Al het die GKSA sinode van 2016 'n duidelike besluit geneem, is ons van mening dat om bogenoemde rede die eensgesindheid nie in die kerke gaan terugkeer nie.

Tydens die vorige gesprek (op 24 Februarie 2017) het ons spesifiek deurgevra na die terminologie. Die GKSA Sinodes 2015 en 2016 het die vrou in die amp as '*wesenlike saak*' getypeer. Daar is daarop gewys dat '*wesenlike saak*' egter nog nie '*belydenissaak*' is nie. '*Belydenissaak*' is swaarder as '*wesenlike saak*'. By '*belydenissaak*' is daar sprake van hermeneutiese en Skrifbeskoulike verskille. By '*wesenlike saak*' is daar slegs sprake van eksegetiese verskille. Die vrou in die amp van ouderling en predikant is deur die sinode dus as '*wesenlike saak*' getypeer, maar nie '*belydenissaak*' nie. GKSA deputate stel in hulle Kommentaar: "3.3 Die GKSA is egter nie van mening dat verskille rondom die vraag of die vrou in die (diaken)amp kan dien, de facto verskille ten opsigte van Skrifbeskouing en hermeneutiek aandui nie. 3.4 ... Die verskil tussen die twee standpunte lê op die vlak van eksegetiese sintese."

Daar is wat hierdie onderwerp betref verskil van opinie binne die GKSA, aangesien – soos op die vergadering gemeld is – ongeveer 40% van predikante van oortuiging is dat vroue wel ouderling kan wees. Aangesien dit nie '*belydenissaak*' is, kan dit daarom verdra word. Volgens GKSA deputate is dit ook die geval mbt internasionale ekumene, aangesien hulle ekumeniese bande het met kerkverbande in die buiteland wat ook vroue tot die amp toelaat (CRC, NGK-NL), sonder dat dit die ekumeniese bande in gevaar bring.

Uit die verduideliking hierbo (mbt NGB 30) is dit duidelik dat die vrou in die amp vir ons wel '*belydenissaak*' is.<sup>37</sup>

In hulle Kommentaar skryf die GKSA-deputate oor ons dokument: "Die stille vertrekpunt in die memorandum is dat enige oop gesprek rondom die vraagstuk *Die vrou in die (diaken)amp* reeds aanduiding is van 'n ontrouheid aan die Skrif ... Wat is die begronding van sodanige verabsoluterende vertrekpunt – dat daar selfs geen ruimte vir enige gesprekke en vrae sou wees nie?"

GKSA-deputate verwys in hierdie verband tereg na die brief wat die VGKSA Sinode 2014 aan hulle susterkerke in Nederland geskryf het: "We are compelled also to communicate our concern about developments in your federation regarding women in office. See annexure 3. We call on you to maintain the orthodox direction. In a church that wants to remain faithful to Holy Scripture, the matter of women in the special ecclesiastical offices cannot be framed as an open question. When the unambiguous teaching of the Word of God about male leadership in the church becomes a matter of debate, then a dangerous hermeneutical approach is showing its influence."<sup>38</sup>

Dit is ons oortuiging, in lyn met die kerk van die verlede (sien NGB 30), dat die Skrif transparant is oor die geslagtelikheid van die amp. Nuwe eksegese oor sleuteltekste in hierdie verband kan nie as blote (en legitieme) eksegetiese variante gesien word nie, maar berus op 'n hermeneutiek en Skrifbeskouing

<sup>37</sup> Die uitspraak van GKSA Sinode 1988 dui daarom vir ons 'n belangrike verskil aan: "Wanneer kerke na langdurige en biddende bestudering van die Skrif onder leiding van die Heilige Gees tot die slotsom sou kom dat vrouens wél in 'n besondere amp mag dien, sal moeilik beweer kan word dat so 'n besluit strydig is met die reformatoriese belydenisskrifte – hoogstens dat dit inspanning is met die Gereformeerde tradisie." (GKSA Sinode 1988 (516:§3.3.3)

<sup>38</sup> FRCSA Synod Acts 2014, p171.

wat afwyk van die Gereformeerde hermeneutiek en Skrifbeskouing. Kom ons noem 'n ander voorbeeld om dit te verduidelik. As iemand – met eksegeses van Bybelgedeeltes – sou beweer dat die Ou Testamentiese verbod op die eet van varkvleis nog steeds geldig is vir die Nuwe Testamentiese kerk, dan het ons – na ons oortuiging – nie te make met 'n blote (en legitieme) variant op die klassiek Gereformeerde eksegesese van sleuteltekste in hierdie verband nie. Daardie persoon het tot sy alternatiewe eksegeses gekom as gevolg van die feit dat hy 'n ander hermeneutiek en Skrifbeskouing begin hanteer het, wat ook ander eksegetiese 'spelreëls' inhoud. Eweneens is dit ons oortuiging dat die Woord (en dit geld ook vir die Nuwe Testament) transparant is oor die geslagtelikheid van die regeeramp. Verder is dit ons oortuiging dat, omdat die diakenamp in die Gereformeerde tradisie oorlap met die regeeramp, vroue nie sonder meer tot die diakenamp toegelaat kan word nie. So 'n stap noodsaak wysiging van die Belydenis en Kerkorde.

Tydens die vorige vergadering (24 Februarie 2017) het 'n GKSA-deputaat gekla dat die VGKSA mbt die kwessie van die vrou in die amp besig is om kerkskeurend te werk te gaan tov die GKSA. In ons vorige verslag het naamlik gestaan: "Ons behoort daardie gemeentes, predikante en lidmate in die GKSA watstry vir die behoud van die Skriftuurlike visie op die geslagtelikheid van die ampte en 'n suiwer Gereformeerde hermeneutiek, by te staan." Hierdie opmerking is gebaseer op die mandaat van die VGKSA 2014 sinode: "That local contacts between churches of the FRCSA and the RCSA should be stimulated with the aim of strengthening one another in the furthering of the true Biblical doctrine and lifestyle."

In reaksie hierop kan ons noem dat hierdie saak baie te make het met die vraag of die debat oor die vrou in die amp gesien word as 'n *belydenissaak* al dan nie. Aangesien die VGKSA dit wel as 'n *belydenissaak* sien, maak dit sin om diegene te ondersteun in die GKSA wat ook so oor die saak dink, met as doel om die klassiek Gereformeerde visie op die ampte weer in die GKSA te herstel. As mens die debat oor die vrou in die amp egter bloot as 'n eksegetiese diskussie sien, kan bogenoemde aanhalings as kerkskeurend beleef word. Ons wil ons wat dit betref aansluit by Dr J. Howell, wat skryf dat ook oor sy Ope Brief (2012) geopper is dat dit kerkskeuring aanwakker. Maar volgens hom pleit sy Ope Brief nie vir kerkskeuring nie, maar roep daadwerklik op tot terugkeer na Gereformeerde-wees om sodoende 'n potensiële kerkskeuring huis te verhoed.

Die Kommentaar van die GKSA deputate sluit af met die oproep om Efesiërs 4:1-3 as vertrekpunt te neem: "Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede." Ons kan opreg getuig dat dit altyd ons strewe was in die gesprekke met die GKSA. Ons glo ook dat nederigheid en sagmoedigheid en lankmoedigheid nie vermaning uitsluit nie, soos uit hierdie gedeelte blyk. Ons word huis vermaan om ernstig na die eenheid van die Gees te strewe. Hierdie eenheid van die Gees gaan nie buite die Woord om nie. Ons glo dat Woord en Gees een is. Christus vergader sy kerk deur sy Gees en Woord (Heidelbergse Kategismus Sondag 21).

*Deputate Kontak met Binnelandse Kerke  
Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*

### Ann. 5.8: Psalm-Omdigting (2001).

(studie-dokument opgestel deur VGKSA Deputate KBK)

## Psalm-Omdigting (2001)

### Goedgekeur en vrygegee vir kerklike gebruik deur die sinode van die GKSA, en ook in gebruik in verskeie GKSA Kerke

Hierdie studie maak gebruik van publikasies en bronne vanuit die GKSA.<sup>39</sup>

T.T. Cloete het 'n omdigting van die 150 psalms gemaak. Die term *omdigting* duif op die feit dat dit nie 'n beryming uit die grondtaal (Hebreeus) is nie, maar dat die teks van die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling as basis gebruik is. Hierdie omdigting is, soos ons van T.T. Cloete gewoond is, van digterlike kwaliteit en in goeie Afrikaans.

Tog het daar baie diskussie binne die GKSA geledere oor hierdie omdigting ontstaan, en wel om die volgende redes:

### 1 Ongemaklike tekste

Cloete het self erken dat hy bepaalde ongemaklike tekste onduideliker berym het, om moontlike aanstoot te vermy. "Kijk es, zegt hij, 'ons omseil dit'. Je kunt nie alles herdichten. Toevoegen mag absoluut niet, maar 'wegneem 'n bietjie'."<sup>40</sup> 'n Voorbeeld is Ps 137:

Psalm 137 (Totiusberyming)	Psalm 137 (Cloete-omdigting)
Vers 8 O Babel, wat verwoes sal word, gelukkig prys ek hom wat gruweldaad ons aangedoen, weer op jou neer laat kom.	Vers 4 Babel, jy word straks beslis oor ons lyding uitgewis. Mag selfs vir jou nageslag ook 'n swaar vergelding wag.
Vers 9 Jy wat in Sion vrou en kind verdelg het voor jou knots – gelukkig hy wat nou jóu kroos verpletter teen die rots.	

Dieselfde kan gesê word oor die 'beryming' deur Lina Spies van Psalm 139, waar 'n aansienklike deel van die psalm nie berym is nie:

<sup>39</sup> Vir hierdie verslag is gebruik gemaak van bronne vanuit die GKSA self: *Acta van Sinodes; Meerderheids- en Minderheidsrapport t.a.v. die Cloete-omdigting vir die Sinode 2003; Dokument Sola Scriptura! Deur GK Kandelaar; Verslag Kerkekonferensie van 5 Maart 2005; Die goedkeuring van die Cloete-beryming* deur R. van der Kooy.

<sup>40</sup> Hans Werkman, *Ons knoop mekaar se veters vas* (September 1996), p.84.

Psalm 139 (Totiusberyming)	Psalm 139 ('Beryming' deur Lina Spies)
<p>Vers 10</p> <p>Mag u die goddelose tref wat hulle trots teen U verhef! Wyk almal weg wat my omgeef, aan wie se hand die bloedvlek kleef! Dié wat geveinsd God wel geag het, maar vir Gods hoogheid geen ontsag het.</p>	<p>Vers 5</p> <p>Verblind tog dan met al u luister die dwase wat U nie wil dien, maar hou my uit die sondeduister deur altyd dwarsdeur my te sien; met u nabyheid steeds omgeef, deurgrond my hart, Heer, leer my leef.</p>
<p>Ps 139:11</p> <p>Sou ek nie haat van ganser hart wie in hul hoogheid U wil tart? Sou ek my nie met afsku keer van dié wat teen U opstaan, HEER? Ek smaad – omdat hul U gesmaad het; ek haat – omdat hul U gehaat het.</p>	
<p>Ps 139:12</p> <p>Deurgrond, o HEER, en ken die swart, verborge dieptes van my hart; of diep in my, waar U kan lees, 'n skadelike weg mog wees. En lei voortaan my wank'le skrede tog op die weg van eewge vrede.</p>	

Tekste wat vir ons ongemaklik mag wees in ons tyd en omstandighede, maar wat tog in die Bybel staan, mag nie verswyg of 'afgeswak' word nie. Dit getuig van verminderde eerbied vir die Woord van God. Hiermee word nie ontken dat Cloete huis as 'n gelowige met liefde vir die Psalms te werk gegaan het nie. Nietemin is hierdie uitgangspunt nie aanvaarbaar nie, wanneer die doel is om tot 'n beryming / omdigting te kom van die Psalms vir kerklike gebruik.

Ons sal graag wil hoor hoe die GKSA deputate hieroor dink.

## 2 Beryming vanuit die grondteks

Dit is belangrik vir 'n beryming van die Psalmbundel, bedoel vir kerklike gebruik, om naby aan die grondteks te bly. Die Cloete-omdigting is nie direk uit die grondteks berym nie. Dit is – soos die woord sê – 'n omdigting. Daar is konsensus dat die Cloete-omdigting (Nuwe Liedboek) homself nie as 'n beryming van die oorspronklike teks wil aanbied nie. Alhoewel daar uit die Skrif nie noodwendig kritiek ingebring kan word teen die konsep van 'n omdigting nie, mits die produk die volle raad van God suiwer en getrou vertolk, bring dit wel 'n konsepverskuwing mee m.b.t. hoe die psalms in die erediens gesing behoort te word. Ons is oortuig dat 'n psalmberyming wat in die erediens gebruik word, aan die grondteks getoets moet word. Hoe verder mens van die grondteks wegbeweeg, hoe makliker mens verarming kry.

Die Cloete-omdigting is gedoen spesifiek aan die hand van die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling. Die 1983-vertaling is nie goedgekeur vir kerklike gebruik in die VGKSA nie, as gevolg van kritiek op die vertaalmetode (dinamies-ekwivalent), wat in inhoudelike oopsig te ver van die grondteks afwyk en daarom nie as 'n betroubare vertaling beskou kan word nie. In sommige kerke van die GKSA word die 1983-vertaling gebruik, in ander kerke van die GKSA is die 1983-vertaling ook nie goedgekeur vir kerklike gebruik nie.

Die verarming sigbaar in die 1983 vertaling het ook sy impak gehad op die Cloete-omdigting.

### 3 Die Psalms is Messiaans

Die Psalms wat eksplisiet Messiaans is (en so ook deur die kerk deur die eeue gesing is), berym Cloete op 'n minder duidelik herkenbaar Messiaanse wyse. Dink bv. aan Ps 2:

Psalm 2 (Totius beryming)	Psalm 2 (Cloete omdigting)
Vers 1 Wat dring en dryf die wilde heidendom, dat volke raas in opgewondenheid? Gedugte konings staan gereed alom, en wêreldgrotes raadslag vir die stryd, om God almagtig na die kroon te steek en saam teen sy <u>Gesalfde</u> op te staan...	Vers 1 Waarom stig volke opstand teen die Heer en word teen sy <u>gesalfde</u> saamgespan?...
Vers 4 En Ek, dié Vors, so hoog in mag en eer, sal Gods besluit die wêreld oor laat klink: "Ek self (sê God) het U gegenereer: U is my <u>Seun</u> , uit wie my Beelt'nis blink...	Vers 4 "Jy is my <u>seun</u> ," het Hy vir my gesê. "Jy kry die volke as besit van My..."
Vers 6 Kom, dien die <u>HEER</u> en wees in Hom verblyd met blydskap wat Hom huldig as die <u>HEER</u> . En kus die <u>Seun</u> in onderworpenheid, buig jul voor Hom met vrees en bewing neer...	Vers 6 Kom eer die <u>Here</u> en kom buig voor Hom. Keer so dat Hy vertoorn op julle raak, keer dat die <u>Heer</u> se woede oor jul kom. Wie by Hom skuil, sal Hy gelukkig maak.

In teenstelling tot die Totiusberyming, word *Gesalfde* en *Seun* in die Cloete-omdigting nie met 'n hoofletter geskryf nie. Verder is dit nie duidelik in vers 6 van die Cloete-omdigting dat dit oor twee onderskeie persone handel nie. Hier wreek die feit homself dat hy net teruggaan op die 1983 vertaling, en nie die grondteks raadpleeg nie.

TT Cloete het self erken dat hy, op grond van nuwe theologiese navorsing, besluit het om die eksplisiële Messiaanse verwysings uit te haal, net soos wat dit in die 1983-vertaling gebeur het: "Ek het die

Messiaanse verwysings in sekere psalms op grond van nuwe navorsing verwyder".<sup>41</sup> Oor Psalm 110 skryf hy in *Die Kerkbode* dat dit "nie 'n Messiaanse Psalm is nie".<sup>42</sup>

Psalm 110 (Totiusberyming)	Psalm 110 (Cloete-omdigting)
Vers 1 Die HEER is dit wat tot <u>my HEER</u> gespreek het: "Sit aan my regterhand as hoogste <u>HEER</u> ..."	Vers 1 Dit het die Heer belowe vir <u>my koning</u> : "Sit aan my regterhand," het Hy gespreek...
Vers 5 <u>Groot-Priester</u> wat die HEER so hoog geëer het dat <u>U</u> kan opstyg tot die hoogste trap – U is dit na die eed wat God gesweer het, na Melgisédeks eewge priesterskap!	Vers 4 Die Here sal sy eed van trou nie t'rugtrek, u priesterskap sal <u>u</u> vir altyd sier. As <u>priester</u> sal u dien soos Melgisedek, En God se toorn sal <u>u</u> laat seëvier.
Vers 6 Die HEER wat dit van U, <u>sy Vors</u> , voorspel het...	Vers 5 Voor <u>hom</u> verdelg Hy elke ander koning...
Vers 8 Góds <u>Grootvors</u> sal, ...	

Soos genoem volg die Cloete-omdigting die koers van die 1983-Bybelvertaling. Psalm 2 is een van die duidelikste voorbeeld van Psalms waarin oor Christus geprofeteer word. Op ten minste ses plekke in die NT word dit beklemtoon dat Psalm 2 oor Christus en sy koninkryk gaan (Hand 4:24-26; Hand 13:32-24; Heb 1:5; Heb 5:5; Openb 2:27; Openb 19:15). Maar die 1983-vertaling asook die Cloete-omdigting kies daarvoor om "gesalfde" (vers 2) en "my seun" (vers 4) met klein letters weer te gee. Dit is 'n bewuste theologiese keuse soos hierbo aangedui, en dit is dus 'n breuk met die klassieke lyn van die Nederlandse Statenvertaling, die King James Version, wat ook gevvolg is in die 1933/53 Afrikaanse vertaling, asook in die NIV Engelse vertaling. Dieselfde kan oor Psalm 110 gesê word.

Met die aanvaarding van die Cloete-omdigting het die GKSA-sinode besluit dat "in die Psalmbundel, by sowel die 1936-beryming as die 2001-omdigting, die openbaringshistoriese verband met die Messiaanse vervulling van Psalms met voetnote aangedui sal word ooreenkomsdig die riglyne in Bylae D". In hierdie bylae word 22 Psalms gelys wat van voetnota's voorsien moes word.

Op dieselfde sinode het egter 'n minderheidsverslag gedien (wat pleit om die Cloete-omdigting nie vir kerklike gebruik te aanvaar nie), en wat daarop wys dat al die Psalms uiteindelik op die kom van die Messias gerig is. Die gebrek van die Cloete-omdigting kan nie deur 'n klompie voetnote by 22 Psalms opgevang word nie.

Die uitgangspunt by die Cloete-omdigting was dat die Psalms verstaan moet word soos die eerste hoorders dit gehoor het. Dit gee egter, volgens die minderheidsverslag, blyke van 'n Skrifbeskouing

<sup>41</sup> Rapport 4 November 2001.

<sup>42</sup> *Die Kerkbode*, 13 April 2002.

wat van die Gereformeerde Skrifbeskouing afwyk. Een stap in die eksegeseproses word tot 'n finale uitgangspunt verhoog, waarmee die eenheid van die Skrif (NGB art 2-7) losgelaat word.

Verder verwys die minderheidsverslag na die eenvoudige feit dat die plaas van voetnota's nie moontlik is as by 'n Messias-verwysing in 'n Psalm die hele betrokke gedeelte nie eens in die nuwe omdigting verskyn nie.

Volgens die minderheidsverslag is die nuwe omdigting onvoldoende getoets aan die Woord in die algemeen, en in besonder ook nie aan die grondteks van die Psalms nie.

Daar word daarom tereg gekonkludeer dat die Cloete-omdigting Christus met opset uit die Psalms verwyder. Dit is nie uit onkunde of uit 'n gebrek aan theologiese kennis of uit 'n onskuldige digterswaagmoed verwyder nie, maar met opset. Daar is by verskeie geleenthede in die openbaar verklaar dat die bekende Messiaanse Psalms op grond van die jongste navorsing nie meer as Messiaans beskou kan word nie.

'n Populêre bron in Afrikaans, *Die Bybel in Praktyk*,<sup>43</sup> verteenwoordig hierdie "nuwe navorsing". In die hoofstuk "Die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament" (pp 1363 e.v. [ongenommer]) word die volgende standpunt op gesag van sy hoofredakteurs ingeneem: "*Aan die ander kant word dit duidelik dat die manier waarop die Nuwe Testamentiese skrywers van die Ou Testament gebruik gemaak het nie 'n voorbeeld is waarvolgens ons ook die Ou Testament mag gebruik nie. Die Nuwe Testament is nie 'n kommentaar op die Ou Testament nie. Die Nuwe Testament is 'n nuwe teksskepping. Dit verklaar nie die Ou Testamentiese aanhalings nie, maar gebruik dit in nuwe aanwendings in die skepping van 'n nuwe teks. Ons probeer om die Ou Testament te verklaar; die Nuwe Testament as die Woord van God gebruik dit egter om 'n nuwe woord van God aan ons te bring. Die betekenis van die Ou Testamentiese teks kan dus nie sommer met die Nuwe Testamentiese gebruik daarvan vereenselwig word nie. Elkeen moet binne sy eie teksverband verstaan en uitgelê word.*"

Die teks moet weliswaar eerste binne sy eie teksverband verstaan en uitgelê word, maar moet *finaal* binne die verband van die hele Bybel uitgelê en verstaan word. Hierdie "nuwe" verstaan van die Psalms is onder andere sigbaar in Ps 2; 22; 31; 110.

Ons sal graag wil hoor hoe die GKSA deputate hieroor dink.

Die VGKSA het op sy Sinode te Bethal in 2014 die volgende besluit:

"To continue contact with the RCSA on a national level in view of strengthening the bond in the unity of the Reformed faith. Ground: To strive towards unity between believers is a Biblical command."

"That in the discussion attention should be given to the RCSA's contacts with other churches as well as the issue of hermeneutics concerning the issues mentioned below:

- i. What is the official RCSA approach to hermeneutics?
- ii. To so-called Cloete versification (*Cloete omdigting*).
- iii. The RCSA Synod's decision on women as deacons.

---

<sup>43</sup> Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereniging, 1993.

In the discussion deputies should take into account that some churches have ordained female elders contrary to RCSA synod decisions.

Ground: Clarity regarding above issues should help to promote unity."

Die kontakte met die GKSA het as doel om die band in die eenheid van die Gereformeerde geloof te versterk.

In die lig van bogenoemde punte (versamel uit verskillende publikasies van binne die GKSA), kom ons, tensy anders bewys kan word, tot die gevolerekking dat die kerklike gebruik van die Cloete-omdigting onaanvaarbaar is. Dit is des te meer jammer in die lig van die feit dat TT Cloete 'n begaafde Afrikaanse digter en 'n toegewyde gelowige is. Tog is dit op sig nie voldoende om te kom tot 'n Psalmberyming wat geskik is vir kerklike gebruik nie. Die basiese uitgangspunte en vertrekpunte moet ook korrek wees.

Ons stem saam met daardie plaaslike GKSA kerke wat daarteen besluit het om die Cloete-omdigting in hulle eredienste te gebruik, en beswaar aangeteken het. Solank die Cloete-omdigting in die GKSA eredienste gebruik word, vorm dit 'n struikelblok vir landelike eenheid met die VGKSA. Dit is 'n simptoom van 'n verkeerde hermeneutiek. Ons stem nie met die simptoom saam nie, want dit is op 'n verkeerde hermeneutiek gegrond, soos hierbo aangetoon is.

Ann. 5.9: KOMMENTAAR OP VGKSA MEMORANDUM: PSALM-OMDIGTING (2001)

**GKSA: DEPUTATE EKUMENIESE SAKE: BINNELANDS**

**Gesprek met VGKSA Deputate: Kontak met binnelandse kerke**

**1 KERNLYNE VAN MEMORANDUM**

1.1 Die memorandum ontvang bevat 'n samevatting van drie basiese besware wat binne die GKSA-gesprek rondom die 2001-Omdigting geopper is, naamlik:

1 Sekere ongemaklike tekste word verswyg of afgeswak

2 Die 2001-Omdigting is nie uit die grondteks gedoen nie

3 Die Messiaanse karakter van die Psalms is nie genoegsaam erken nie en die 2001-omdigting wyk dus af van die Gereformeerde Skrifbeskouing.

1.2 Die memorandum vra van die GKSA-deputate om hul mening oor hierdie drie sake te gee.

1.3 Die memorandum kom uiteindelik tot die gevolgtrekking dat die kerklike gebruik van die Cloete-omdigting onaanvaarbaar is, 'n simptoom van 'n verkeerde hermeneutiek is en gevvolglik 'n struikelblok vir landelike eenheid met die GKSA vorm.

**2 KOMMENTAAR OP DIE KRNBSWARE**

2.1 Aangesien hierdie gesprek gevoer word tussen die deputate van twee kerkgemeenskappe, word in hierdie kommentaar nie die persoonlike standpunt van deputate verwoord nie, maar wél die amptelike standpunt van die GKSA (in haar Sinode-besluite).

*Ten opsigte van besware 1-2: Ongemaklike tekste verswyg en omdigting nie uit grondteks*

2.2 Die vertrekpunt van die memorandum dat die 2001-omdigting nie uit die grondteks gedoen het nie, is feitelik verkeerd. Alreeds met Sinode 2003 is getuig (643:§3):

*Die medewerkers lewer getuenis dat die grondteks en die eksegese daarvan vir die digters en die Kommissies wat saam met hulle gewerk het, deurslaggewend was.*

*Elke omdigting rus in die eerste plek in eksegese en is 'n omdigting wat herhaaldelik nagegaan is.*

2.3 Sinode 2009 (756: §1.3.1.3) wys dan ook op die proses en die vereistes in die beoordeling van die 2001-omdigting:

*Tydens die gesprek is daar eerstens 'n oorsig gegee oor die proses van die omdigting – verskillende werkgroepe/kommissies, die proses van beoordeling en hersiening, die deelnemers, en die vereistes vir beoordeling naamlik: getrouheid aan die teks, letterkundige en musikale kwaliteit*

2.4 Ook die stelling dat die 2001-omdigting aan die hand van die 1983-vertaling gedoen is, moet bevraagteken word. Sinode 2003 het alreeds gestel (643:§1.6):

*Van die kritiek wat teen die Nuwe Beryming uitgespreek word, gaan daarvan uit dat die Nuwe Beryming baie nou verband hou met die Nuwe Afrikaanse Vertaling. Die stelling kan wel bevraagteken word. In die verskillende Kommissies wat die berymings beoordeel het, is telkens na die oorspronklike gegaan om die beryming daarvan te toets. Dit is bekend dat die Nuwe Vertaling dikwels die Psalms ontbeeld het, terwyl beeldspraak juis 'n besondere rol in poësie speel. Die Nuwe Beryming het gevvolglik meer van die beeldspraak behou as die Nuwe Vertaling.*

2.5 Rondom die weglaat van gedeeltes uit die Psalms, moet spesifiek gewys word op die Riglyne vir die beoordeling van Psalm- en Skrifberymings soos goedgekeur deur Sinode 2012 (390:§2.3) – en dan spesifiek 2.3.2 en 2.3.4:

**2.3 Riglyne vir die beoordeling van Psalm- en Skrifberymings**

2.3.1 As basiese riglyn geld dat die beryming die sin en inhoud van die Skrifgedeelte suiwer en korrek in ooreenstemming met die kerklike belydenis moet weergee."

2.3.2 Die beryming moet daarop gerig wees om God se openbaring in sy Woord te vergestalt.

2.3.3 'n Beryming moet die struktuur van die oorspronklike teks in gedagte hou en moet poog om in die strofe-indeling daarby aan te sluit.

2.3.4 Die breë strekking en inhoud van 'n gedeelte moet weergegee word, wat die basiese inhoud, belangrike begrippe en die basiese voortgang van die gedeelte betref, sonder dat elke detail van die oorspronklike volledig weergegee hoef te word. Dit raak aspekte soos belangrike openbaringshistoriese lyne, bepaalde frases en begrippe, die oordeel van God en die verbond.

2.3.5 Wat die hantering van die Messiaanse Psalms betref, moet in gedagte gehou word dat die moontlike messiaanse duiding in 'n Psalm op verskillende maniere uitgedruk kan word. Voetnote kan gebruik word om die verband met Nuwe-Testamentiese tekste aan te duі.

2.3.6 Nuwe berymings van gedeeltes (veral uit die Ou Testament) moet daarna streef om die onderskeid tussen die verskillende Godsname sover moontlik te behou.

2.6 Oor die spesifieke vraagstuk van die weglatting van ongemaklike gedeeltes (onder andere die "wraak"-gedeeltes) het verskeie Sinodes geoordeel:

Baie van die kritiek fokus ook op sake van kleiner detail, sonder om die konteks van die Psalm as geheel in ag te neem. Dit gebeur veral wanneer die kritiek daarop neerkom dat **iets wegelaat of iets bygevoeg** is. So 'n punt van kritiek **moet in die lig van die geheel van die Psalm beoordeel word**, met inagneming van die besondere vereistes vir 'n beryming en die probleme waarmee 'n berymer te doen het. (Sinode 2003:651, §1.3)

Daar was geen sprake van 'n sistematiese poging om die wraakgedeeltes uit die beryming weg te neem nie. ... Daar is tale Psalms in die Nuwe Beryming waar die oordeel duidelik uitgespreek word, soos Psalm 52 om 'n enkele voorbeeld te noem. Dit mag wees dat in sommige gevalle dit nie sterk genoeg na vore kom nie, soos in die tweede beryming van Psalm 139, waar dit wel aan die orde kom in die eerste twee reëls van strofe 5, en glad nie soos die kritiek beweer nie. (Sinode 2003:654, §3)

Dit is weer eens duidelik dat beoordeling oor weglatings of veranderinge altyd 'n mate van subjektiwiteit sal hê. Daar mag verskil wees oor die mate van sukses tov die veranderinge in die 2001-omdigting. Die beswaardes lewer egter **geen nuwe bewyse dat die 2001-omdigting gedeeltes van die grondteks weglaat of verander sodat die waarheid van die Skrifverkondiging verlore sou gaan nie**.

(Sinode 2006: 645, §2.1.4)

Die beswaardes beredeneer nie en lewer geen bewysvoering dat die 2001-omdigting verander, versag of dele van die Psalms wat van die verbondswraak van die Here, van sy haat en die haat van sy kinders weglaat nie, en daardeur onskriftuurlik en in stryd met die Belydenis is nie. (Sinode 2006:646, §4.2)

Daar word beweer dat die **sin en inhoud van Ps 139** oor die vloek oor die vyande van God nie suiwer en korrek weergegee word nie. By nadere ondersoek is dit wel so dat Ps 139:21-22 (1953-Bybelvertaling) se wraakgedagtes teen die wat God

*haat wel in die 2001-omdigting eerste beryming in strofe 10 verwoord word, nl: "As U tog maar uit wou roei, wie u haat en teen U is ,en met slegtheid hul bemoei. Hy wat opstand teen U stook, elkeen wat u eer betwis, Here, is my vyand ook". Dit kom ook in die tweede beryming in die eerste twee reëls van strofe 5 na vore: "Verblind tog dan met al u luister, die dwase wat U nie wil dien..." In hierdie omdigting van 'n vers word die haat van God nie met dieselfde skerpte aangedui nie.*

*Nieteenstaande dié feit, kan die Beswaardes nie bewys dat daar "niks" van die haat van God in die vers weerspieël word nie. Die beswaardes moet op die subjektiwiteit van die probleem gewys word. Sommige mag die wraakuitsprake duideliker en soos in die Ou Bybelvertaling verwoord wou sien. Waar die 2001-omdigting dan ander woorde gebruik om dieselfde gevoel van Gods toorn te verwoord, is dit nog geen bewys dat dit onskriftuurlik is en die inhoud en boodskap van die Gees verander of verswak het nie. (Sinode 2006:655, §1.1.1.7)*

**Ten opsigte van beswaar 3: Messiaanse karakter van die Psalms**

2.7 Ten opsigte van die hele kwessie rondom die Messiaanse karakter van die Psalms, moet eerstens daarop gewys word dat Sinode 1991 al duidelike riglyne hieromtrent daargestel het (Sinode 1991:106-108, 120-121).

2.8 Daarmee saam moet gestel word dat die vertrekpunt nié was dat die Psalms verstaan moet word *soos die eerste hoorders dit gehoor het nie*, maar wél *soos hulle self verstaan wil word* (Sinode, 1991:107). Daarom dui Sinode 2006 (665:§1.1.15) ook aan:

*Die bewoording om die Psalms "te verstaan soos wat die eerste hoorders dit sou verstaan het " (in die Bylae, Acta 2003:657), is inderdaad 'n ongelukkige bewoording wat vir misverstand vatbaar kan wees. Dit is tydens die Sinode van 2003 met die opstellers van Bylae A uitgeklaar dat daar gehou moet word by die woorde van die Sinode self (2003:643, 5.1) nl: "Daarom is die Ou Testament omgedig soos hy homself aanbied ." Daar is dus nie sprake van 'n ander finale maatstaf buite die Skrif self soos wat "eerste hoorders" ongelukkig mag impliseer nie . Met die uitgangspunt van die Sinode dat die Ou Testament omgedig word "soos hy homself aanbied" (2003:643, 5.1), is geen vreemde ongerefommeerde verklaringsbeginsel nie. Die Sinode se uitgangspunte wys duidelik dat hier nie 'n ander buite Bybelse verklaarder betrokke is nie, maar die Woord verklaar Homself.*

2.9 Uiteindelik gee Sindode 2009 (757-758:§1.3.1.5) 'n duidelike uiteensetting rondom die hele saak:

**1.3.1.5.1 Die hele Ou Testament, insluitende alle Psalms, is Messiaans, in die sin dat die hele Ou Testament na Christus heenwys. Die hele Ou Testament loop uit op Christus en vind sy finale doel in Christus.**

Maniere waarop hierdie heenwysing kan gebeur, is o.a. die volgende: deur openbaringshistoriese voortgang wat op Christus uitloop; deur spesifieke temas/lyne wat in Christus hulle diepste betekenis kry; deur tipologie; deur analogie; deur profesieë wat op die persoon of ryk van die Messias wys; deur beloftes wat in Christus vervul word; deur kontras; ens.

**1.3.1.5.2 Sommige gedeeltes van die Ou Testament is direk Messiaans en sommige gedeeltes indirek Messiaans. Baie dele van die Ou Testament is nie direk of indirek Messiaans nie, maar wel Messiaans soos beskryf in 1.3.1.5.1.**

1.3.1.5.3 *Direk-Messiaans beteken dat die betrokke hoofstuk/perikoop/vers/sin in die eerste plek en/of uitsluitlik oor die beloofde Messias gaan en ook so 'n boodskap oor die Messias vir die oorspronklike lesers/hoorders gehad het.*

1.3.1.5.4 *Indirek-Messiaans beteken dat die gedeelte 'n betekenis vir sy eie tyd gehad het, maar dan ook op een of ander manier na die Messias toe heenwys of in die Messias 'n besondere vervulling vind.*

1.3.1.5.5 *Dit is moontlik dat Gereformeerde eksegete, wat dieselfde Skrifbeskouing huldig, kan verskil oor die vraag of 'n bepaalde gedeelte direk- of indirek- Messiaans is en oor die vraag op watter manier(e) 'n indirek-Messiaanse gedeelte na Christus toe heenwys.*

1.3.1.5.7 *In die stelling oor die Ou Testament ("soos hy homself aanbied") is die Heilige Gees die eintlike Subjek van hierdie sinsnede.*

1.3.1.5.8 *As die stelling (wat al in die verlede gemaak is) "Psalm 110 is nie 'n Messiaanse Psalm nie" beteken dat Psalm 110 glad nie na die Messias verwys nie, word dit in die lig van punt 1 verwerp. As daarmee bedoel word dat Psalm 110 nie direk-Messiaans is nie, kan oor hierdie verskil in interpretasie (of die Psalm direk- of indirek-Messiaans is) geredeneer word.*

1.3.1.5.9 *'n Nuwe-Testamentiese aanhaling van 'n Ou-Testamentiese gedeelte, wat aantoon dat daardie Ou-Testamentiese gedeelte na die Messias verwys, beteken nie noodwendig dat daardie gedeelte direk-Messiaans (soos in 1.3.1.5.3 hierbo gedefinieer) is nie.*

1.3.1.5.10 *Daar is verskillende maniere waarop die Messiaanse karakter van die Psalms in 'n beryming/omdigting weergegee kan word, bv.:*

*(a) dit kan by elke Psalm uitdruklik die Messiaanse weergee (Luther);*

*(b) dit kan by Psalms wat in die NT as in-Christus-vervul aangehaal word, die aangewese vervulling eksplisiet (bv. met hoofletters) weergee;*

*(c) dit kan by die Psalms wat as direk-Messiaanse Psalms aanvaar word, die Messiaanse eksplisiet weergee;*

*(d) dit kan die Psalms in hulle Ou-Testamentiese gestalte, d.w.s. sonder enige eksplisiete verwysing na Christus, weergee.*

1.3.1.5.11 *Die 1936-beryming het iets van 'n kombinasie van (b) en (c) hierbo gekies. Die 2001-omdigting het met c en d gewerk, maar geoordeel dat geen Psalm direk-Messiaans is nie.*

1.3.1.5.12 *Dit is duidelik dat die stelling van prof Cloete ("Psalm 110 is nie 'n Messiaanse Psalm nie") wel tot misverstand aanleiding gegee het. Die beswaardes het waarskynlik meer in die stelling gelees as wat daarmee bedoel was en op grond van die stelling 'n beskuldiging van 'n valse teologie teen die omdigting ingebring. Hierdie beskuldiging is egter konsekwent deur die medewerkers van ons kerke ontken en is deur die Sinode van 2006 afgewys met die nie aanvaarding van beswaarskrifte wat hierdie punt wou maak.*

Ann. 5.10: VGKSA Deputate KBK se beantwoording van *Kommentaar op GKSA Memorandum Psalm-Omdigting (2001)*, opgestel deur Deputate Ekumeniese Sake Binnelands (GKSA).

## Ivm Cloete-omdigtings

### A. Historiese oorsig

Sedert die eerste jare van die psalmomdigtings het die VGKSA sinodes aan deputate versoek om die proses te volg en evalueer. Reeds in 1996 (VGKSA Sinode van Kaapstad) is as punt van kritiek genoem in die kontakte met GKSA deputate die nuwe Psalmberymings.<sup>44</sup> Deur die jare het sinodes dit as 'n belangrike gesprekspunt aan deputate KBK opgedra, in hulle kontakte met die GKSA.<sup>45</sup> Daar is deur die jare op die verband gewys tussen die Sosio-Historiese benadering en die Cloete-omdigtings. Meerdere VKGSA sinodes het deputate KBK opgedra om krities met die GKSA deur te praat oor hierdie benadering.<sup>46</sup>

Deputate KBK het aan VGKSA sinode van 2011 gerapporteer dat o.a. die sogenaamde Cloete-omdigtings "... are still the main concerns that lead to situations for which the GKSA need our prayerful attention."<sup>47</sup> Sinodes het benadruk het dat hierdie punt steeds onopgelos is en aandag moet kry in die nasionale gesprekke tussen die VGKSA en GKSA. Sien byvoorbeeld die besluite van die laaste VGKSA sinode:

"1. To continue contact with the RCSA on a national level in view of strengthening the bond in the unity of the Reformed faith.

Ground: To strive towards unity between believers is a Biblical command.

2. That in the discussions attention should be given to ... the issue of hermeneutics concerning the issues mentioned below:

i. What is the official RCSA approach to hermeneutics?

ii. To so-called Cloete versification (Cloete omdigting)."<sup>48</sup>

Die kommer tav die Cloete-omdigtings het die sinode veral waargeneem op hermeneutiese vlak, inlyn met hoe deputate KBK gerapporteer het:

"Possible Hindrances for the unification with RCSA

6. Summary of possible hindrances

Deputies ... identify the following issues as possible hindrances for unification with the RCSA and we would like to discuss them with the Deputies of the Reformed Churches. These possible hindrances can be summarized under three categories, namely hermeneutics, ecumenical contacts and discipline.

...

a. Hermeneutics

---

<sup>44</sup> Acta 1996, p63.

<sup>45</sup> FRCSA Acts 2008, p104-105.

<sup>46</sup> FRCSA Acts 2008, p81-86. Deputate KBK het dit onder sinodes se aandag gebring, en daarom het sinodes dit ook as belangrik geag dat die GKSA duidelikheid verskaf mbt sy standpunt tot die Sosio-Historiese benadering en die hermeneutiek.

<sup>47</sup> FRCSA Acts 2011, p100.

<sup>48</sup> FRCSA Acts 2014, p12.

- i.Decision: request for a document which reflects the official RCA approach to hermeneutics
- ii.Attention to the *Cloete omdigting* New psalm versification.”<sup>49</sup>

Daar kan gekonkludeer word dat die Cloete-omdigtings deur die jare deur sinodes en deputate geïdentifiseer is as ‘n struikelblok vir nasionale eenheid tussen die GKSA en die VGKSA.

## B. Omdigting vanuit die grondteks?

Is dit feitlik verkeerd om te stel dat die Cloete-omdigtings nie uit die grondteks gebeur het nie? Ons is van mening dat die saak gekompliseerder is as dit. Dit is duidelik dat Cloete nie die grondteks gebruik het nie, maar die 1983-vertaling as basis gebruik het. Dit is ook duidelik dat daar ander in die projek was wat wel die omdigtings van Cloete met die grondteks vergelyk het. Tog kon laasgenoemde nie genoegsaam voorkom dat die gebreke van die 1983-vertaling hulle weg ook in die Cloete-omdigting gevind het nie. Daardie gebreke is ook nie op ‘n later stadium uitgehaal nie. Hier volg enkele voorbeelde daarvan:

### 1. Vertaling van Psalm 2:11-12

Psalm 2:11-12 (1933/1953 vertaling)	Psalm 2:11-12 (1983 vertaling)
Dien die <u>HERE</u> met vrees, en juig met bewing. Kus die <u>Seun</u> , dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgelukselig is almal wat by Hom skuil!	Julle moet die <u>Here</u> met ontsag dien, <u>Hom</u> met vrees en bewing toejuig en Hom onderdanig wees, sodat Hy nie toornig word en julle op die pad omkom nie, want sy toorn ontvlam gou. Dit gaan goed met almal wat by Hom skuiling soek.

In die parafrase wat die 1983-vertaling van hierdie verse gee, verdwyn die feit dat dit hier oor twee *afsonderlike* persone gaan (HERE en Seun). Dieselfde werk deur in die Cloete-omdigting:

Psalm 2:6 (Totius beryming)	Psalm 2:6 (Cloete omdigting)
Kom, dien die <u>HEER</u> en wees in Hom verblyd met blydskap wat Hom huldig as die <u>HEER</u> . En kus die <u>Seun</u> in onderworpenheid, buig jul voor Hom met vrees en bewing neer...	Kom eer die <u>Here</u> en kom buig voor Hom. Keer so dat Hy vertoorn op julle raak, keer dat die <u>Heer</u> se woede oor jul kom. Wie by Hom skuil, sal Hy gelukkig maak.

Hierdie is dus ‘n voorbeeld van hoe die defekte van die 1983-vertaling blywend deurgewerk het in die Cloete-omdigting.

### 2. Weergee van God se name

Net soos daar in die 1983-vertaling dikwels onduidelikheid is ten aansien van die name of titels wat daar in die oorspronklike teks gebruik word om na God te verwys, geld dit ook vir die Cloete-omdigting. Dit is nie moontlik om af te lei uit die omdigting wanneer die verbondsnaam (Jahweh) gebruik word nie. Sien in hierdie verband as voorbeeld Psalms 22,110, 111, 116. Die argument dat dieselfde

<sup>49</sup> FRC SA Acts 2014, p65.

probleem in die Totius-beryming voorkom, is ten dele waar.<sup>50</sup> In die Cloete-omdigting het dit egter volledig onduidelik geword.

### 3. Beeldspraak in die Psalms

Dit is bekend dat die vertaalmetode van die 1983-vertaling veroorsaak het dat die Psalms dikwels ontbeeld is, terwyl beeldspraak in poësie (en dus ook in die Psalms) juis so 'n belangrike rol speel. Het die Cloete-omdigting die ryke beeldspraak weer teruggebring? Dit is ons oortuiging dat dit onvoldoende gebeur het, en dat die Cloete-omdigting ook op hierdie punt steeds die swakhede van die 1983-vertaling reflekteer. Om 'n paar voorbeeldte te noem:

#### 3.1 "Kus die Seun"

Psalm 2:11-12 (1933/1953 vertaling)	Psalm 2:11-12 (1983 vertaling)
Dien die HERE met vrees, en juig met bewing. <u>Kus</u> die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!	Julle moet die Here met ontsag dien, Hom met vrees en bewing toejuig en Hom onderdanig wees, sodat Hy nie toornig word en julle op die pad omkom nie, want sy toorn ontvlam gou. Dit gaan goed met almal wat by Hom skuiling soek.

Die beeldspraak "kus" as aanduiding vir eerbied en totale onderwerping het verdwyn uit die 1983-vertaling. Dit het ook verdwyn uit die Cloete-omdigting:

Psalm 2:6 (Totius-beryming)	Psalm 2:6 (Cloete-omdigting)
Kom, dien die HEER en wees in Hom verblyd met blydskap wat Hom huldig as die HEER. En <u>kus</u> die Seun in onderworpenheid, buig jul voor Hom met vrees en bewing neer...	Kom eer die Here en kom buig voor Hom. Keer so dat Hy vertoorn op julle raak, keer dat die Heer se woede oor jul kom. Wie by Hom skuil, sal Hy gelukkig maak.

#### 3.2 "U stok en staf"

Psalm 23:4 (1933/1953-vertaling)	Psalm 23:4 (1983-vertaling)
Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: <u>u stok en u staf</u> dié vertroos my.	Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig.

<sup>50</sup> GKSA Acta 2003, p643.

Die beeldspraak “u stok en staf” het heeltemal verdwyn uit die 1983-vertaling, en so ook uit die Cloete-omdigting.

<b>Psalm 23:2 (Totius-beryming)</b>	<b>Psalm 23:2 (Cloete-omdigting)</b>
En is ek soos 'n skaap in doodsgvare, wat in die veldes as 'n prooi van wolwe gaan, en moet ek in die doodsval, diep 'n donker, van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan - dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking omdat <u>u staf</u> my troos is en verkwikking.	Ek sal die dood se donker dal nie vrees nie. Ek moet daar deurgaan, maar ek weet U is by my. Alleen en sonder U sal ek nooit wees nie en in u hande sal ek altyd veilig bly. Geen duisternis vrees ek en ook geen kwaad nie. Want u vertroosting sal my nooit verlaat nie.

### 3.3 “Ek wil my weë bewaar”

<b>Psalm 39:2 (1933/1953-vertaling)</b>	<b>Psalm 39:2 (1983-vertaling)</b>
Ek het gesê: Ek wil my <u>weë</u> bewaar, sodat ek nie sondig met my tong nie; ek wil my mond in toom hou solank as die goddelose nog voor my is.	Ek het gesê: “Ek wil sorgvuldig let op my lewe en nie sondig met wat ek sê nie. Ek wil nie 'n woord praat as 'n slechte mens my teëstaan nie.”

Die 1983-vertaling het die poëties verbeeldingryke “weë” weg-geparafraseer deur dit met “lewe” te vervang. Die Cloete-omdigting gaan in hierdie rigting voort deur diewoord “bestaan” te kies:

<b>Psalm 39:1 (Totius-beryming)</b>	<b>Psalm 39:1 (Cloete-omdigting)</b>
Ek het gesê: Ek wil my <u>weg</u> bewaar,	Ek wou sorgvuldig let op my bestaan

### 3.4 “My skild”

<b>Psalm 28:7 (1933/1953-vertaling)</b>	<b>Psalm 28:7 (1983-vertaling)</b>
Die HERE is my sterkte en my <u>skild</u> ; op Hom het my hart vertrou, en ek is gehelp; daarom jubel my hart en sal ek Hom loof met my gesang.	Die Here is my sterkte en my beskermer, op Hom het ek vertrou. Hy het my gehelp. Daarom is ek bly en wil ek Hom loof met my lief.

Die 1983-vertaling het die metafoor “skild”, wat in die grondteks voorkom, weggelaat en dinamiese-ekwivalent geïnterpreteer as “beskermer”. Ook in die Cloete-omdigting het die metafoor “skild” verdwyn.

<b>Psalm 28:6 (Totius-beryming)</b>	<b>Psalm 28:4 (Cloete-omdigting)</b>
Geloofd sy God, Hy het sy oor Geneig en weer my stem gehoor; My sterkte en my hulp is Hy, 'n <u>skild</u> my altoos dig naby.	Hy hét my stem wat smeek, verhoor. Daar loof ek God die Here voor. Ek het Hom altyddeur vertrou, Hy is die rots waarop ek bou.

Daar is selfs gevalle waar die Cloete-omdigting nog verder gegaan het in hierdie tendens om nie suinig te wees op die oorspronklike poëtiese beeldspraak en metafore nie. Sien byvoorbeeld Ps 33:2 (“siter”

en “harp”); Ps 37:25 (“brood”); Ps 45:2 (“my tong is die pen van ‘n vaardige skrywer” - nogal ironies!); Ps 107:16 (“koperdeure”, “ystergrendels”); Ps 140:1-4 (“tong skerp soos ‘n slang; gif van ‘n adder”).<sup>51</sup>

Bogenoemde punte toon aan dat die Cloete-omdigting nie getrou is aan die grondteks nie. Dit maak dit na ons oortuiging ongeskik vir kerklike gebruik. In meerdere gevalle is die grondteks of verkeerd of onvolledig weergegee. Die Cloete-omdigting is daarom ‘n verarming.

### C. Riglyne

Die riglyne wat die GKSA sinodes daargestel het (bv. Sinode 2012 (390: §2.3), maak op ons oor die algemeen ‘n goeie indruk. Neem byvoorbeeld 2.3.4: “Die breë strekking en inhoud van ‘n gedeelte moet weergegee word, wat die basiese inhoud, belangrike begrippe en die basiese voortgang van die gedeelte betref, sonder dat elke detail van die oorspronklike volledig weergegee hoef te word.”

Wat hierdie riglyn betref, plaas dit nie egter nie genoeg klem op die houding van eerbied en nagvolging wat ‘n digter teenoor die oorspronklike teks moet hê nie. Die ryke poëtiese taal en beeldspraak in die Psalms is nie iets wat net as verpakking aan die kant geskuif kan word nie. Maar selfs al sou mens hierdie riglyn (2.3.4) van die GKSA as maatstaf hanteer, dan is dit nog steeds ons oortuiging dat die Cloete-omdigting onder die maat is wat hierdie riglyn betref.

Nog ‘n belangrik riglyn is 2.3.6: “Nuwe berymings van gedeeltes (veral uit die Ou Testament) moet daarna streef om die onderskeid tussen die verskillende Godsname sover moontlik te behou.” Dit is duidelik dat die Cloete-omdigting dit nie gedoen het nie, maar bloot die 1983-vertaling gevolg het, soos hierbo alreeds aangedui is.

Is die wraakgedeeltes sistematies uit die beryming weggeneem?

Dit is ons oortuiging dat dit nie sistematies weggeneem is nie. Dit is wel ons oortuiging dat dit

- sistematies afgeswak is;
- in spesifieke gevalle wel weggeneem is.

As die bede of God die goddelose wil ombring herhaaldelik en emfaties in Psalm 139 na vore kom, dan moet ‘n beryming dit ook weerspieël. Verder, al kan mens aanvoer dat die omdigting van Psalm 139 inhoudelik nie in stryd is met die belydenis nie, is dit wel so dat dit eensydig geword het.

Want dit is duidelik dat daar gepoog is om hierdie sake met minder skerpte om te dig as wat hulle in die Bybel staan. Dit is ons oortuiging dat mens met ‘n beryming/omdigting nie die reg het om dit te doen nie. Die feit dat dit in die Cloete-omdigting gebeur het, maak dit na ons oortuiging ongeskik vir kerklike gebruik.

Dit is ons indruk dat die riglyne van die GKSA-sinodes nie werklik ‘n impak op die Cloete-omdigting gehad het nie. Dit is ons indruk dat die riglyne veral begin vorm kry het eers nadat die Cloete-omdigting reeds voltooi was. Die omdigtings is later, vir sover ons weet, ook nie meer gewysig of verbeter nie.

---

<sup>51</sup> “In hierdie omdigting is die metafore sover as moontlik behou net soos wat hulle voorkom in die oorspronklike tekste hoewel die struktuur en die volgorde van woorde kan verskil.” GKSA Acta 2003, p648-649. Dit is duidelik dat daar op hierdie punt verskil van mening is oor die finale produk.

## D. Blywende verskil

In 1.3.1.5.12 word gestel: "Dit is duidelik dat die stelling van prof Cloete ("Psalm 110 is nie 'n Messiaanse Psalm nie") wel tot misverstand aanleiding gegee het. Die beswaardes het waarskynlik meer in die stelling gelees as wat daarvan bedoel was en op grond van die stelling 'n beskuldiging van 'n valse teologie teen die omdigting ingebring. Hierdie beskuldiging is egter konsekwent deur die medewerkers van ons kerke ontken en is deur die Sinode van 2006 afgewys met die nie aanvaarding van beswaarskrifte wat hierdie punt wou maak."

Ons is bevrees dat ons op hierdie punt nie tot eenstemmigheid sal kom nie. Die konsekwente ontkenning van die medewerkers sal oortuig, as daar ook voorbeeld en bewysemateriaal is.<sup>52</sup> Cloete het eksplisiet gesê dat hy op grond van nuwe teologiese navorsing te werk gegaan het, naamlik om die eksplisiële Messiaanse verwysings uit te haal, net soos wat in die 1983-vertaling gebeur het. En soos hierbo aangedui is, gaan dit verder as die blote gebruik van hoofletters.

In teenstelling tot die GKSA is die 1983-vertaling nie deur VGKSA sinodes vir amptelike kerklike gebruik vrygegee nie.

Dit val ons op dat daar uiteenlopende verskille van oortuiging bestaan tussen die Deputate Ekumeniese Sake onderling, asook tussen die plaaslike kerke.

Uit ons eerste studiestuk het geblyk dat ons in groot mate saamstem met die mindersheidsrapport (2003). Dit is nog steeds die geval. Die meerderheidsverslag en die sinode se besluite was nie oortuigend om ons besware teen die Cloete-omdigting weg te neem nie.

Tydens die vergadering op 24 Februarie 2017 het die voorsitter, Ds Cassie Aucamp, daarop gewys dat 'n verskil van opinie in die kerke nie 'n prestige-saak moet word, waar mense hulle standpunte bly verdedig, bloot uit gesigsbehoud nie. Laat dit duidelik wees dat dit nie by ons die geval is en mag wees nie. Die dinge waarteen ons beswaar maak, is nie toevallige verskille tussen die Totius-beryming en die Cloete-omdigting nie. Dis ook nie so dat ons nie die mankemente wat daar is by die Totius-beryming raaksien nie. Maar dit is ons oortuiging dat die Cloete-omdigting te veel onder die invloed van die tydsgees was en daarom gely het onder die teologies-liberale denkwyses met betrekking tot die Psalms, die Skrif, die hermeneutiek en Bybelvertaling.

*Deputate Kontak met Binnelandse Kerke  
Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*

---

<sup>52</sup> GKSA Acta 2003, p643.

[Ann. 5.11: Historical Overview Relation of the RCSA with the DRC, in relation to its impact on the deliberations with the FRCSA.](#)

For decades deputies already received the mandate from FRCSA synods to discuss with the RCSA their relationship especially with the Dutch Reformed Church (DRC).

Already on the FRCSA Synod 1972 mention was made of the ‘illogical’ relationship between the RCSA and the DRC.<sup>53</sup> The FRCSA Synod of 1980 expressed concern about pulpit exchange between the RCSA and the DRC. On the FRCSA Synod 1994 deputies mentioned that the RCSA report is much too optimistic with regards to the DRC and NHK, whilst far reaching rapprochement is not discouraged but encouraged.<sup>54</sup>

In 2002 the FRCSA Synod called deputies to discuss with the RCSA:

“die saak van skrifkritiek in die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) met klem bespreek en die GKSA aanmoedig om ‘n meer antitetiese houding teenoor die NGK te openbaar.”<sup>55</sup>

In 2005 the FRCSA Synod expressed the following:

“4. Dat die deputate die GKSA deputate vra om ‘n konfessioneel gebaseerde beoordeling te gee van die GKSA se verhouding ten opsigte van die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) en die Nederduits Hervormde Kerk.

Gronde:

- a. Die GKSA se beoordeling van hierdie kerke, op grond van die gereformeerde Belydenis, wat GKSA bely oor die ware en valse kerk, is onduidelik vir die VGKSA.
- b. In die lig van die VGKSA se besware oor kerklike kontakte van die GKSA sal so ‘n uitspraak verhelderend en konstruktief inwerk.

5. Dat daar kennis geneem word dat die kontakte van die GKSA met die NGK en NHK geen nuwe saak in die gesprek tussen die twee kerke is nie.

Gronde:

- a. Die oorsig vanuit die verslag wys dat dit ‘n baie bekende en ou onderwerp in die gesprekke is.
- b. Dit is en bly ‘n belangrike saak wat die gesprekke beïnvloed.”<sup>56</sup>

Deputies (DCCSA) reported to the FRCSA Synod of 2008:

“Die gesprek het in 1958 begin en gaan vandag nog voort. Vandaar die jare lange kontakte band tussen die kerke via die TKR (Tussen Kerklike Raad – vroeër die TKK, Tussen Kerklike Kommissie). LW: Die APK is ook deel van die TKR, maar dan met waarnemerstatus.

Hierdie bande met die NGK, NHK en APK word gesien as deel van daardie verhouding met kerke met wie die GKSA “kerklike bande” het. “Kerklike bande” is daardie kerklike verhouding met kerke met wie die GKSA aan die een kant nog nie werklike “eenheid” het nie, maar waar daar aan die ander kant tog weer ‘n nouere verhouding is as met kerke met wie hulle “kontake” het.

...

Ons het as deputate kennis geneem van die GKSA se standpunte, maar kan ons nie vind in die losse hantering van kerkverband en belydenis nie.”<sup>57</sup>

Deputies therefore proposed to FRCSA Synod 2008:

---

<sup>53</sup> VGKSA Acta 1972, p79.

<sup>54</sup> VGKSA Handelinge 2005, p211 (Historical overview).

<sup>55</sup> VGKSA Handelinge 2002, p34.

<sup>56</sup> VGKSA Handelinge 2005, p27.

<sup>57</sup> FRCSA Acts 2008, p72-73.

"6c. Dat ons kennis neem van die GKSA se siening van die hantering van die Belydenis en kerklike verhoudinge met die NGK en Ned Hervormde Kerk, soos weergegee in die vergadering met hulle deputate in Oktober 2006 en dat hulle nie graag 'n formele konfessionele beoordeling daaroor wil gee nie. Gronde:

- iv. Die punt is en bly 'n hindernis in gesprekvoering
- v. Dit veroorsaak skeefgroei in byna enige gesprekke oor leer en lewe op die vlak van deputategesprekke en is al telkens uitgewys."<sup>58</sup>

Deputies reported again to the FRCSA Synod 2014 that the RCSA' contacts with the DRC continue to be a hindrance towards unification with the FRCSA:

"The FRC has stated until today that the marks of the true church are not visible enough in the DRCA. Therefore there is no unity with these churches, and we cannot strive for it.

Questions about the contacts between RCSA and DRCA

- 1 In the TKR there were discussions about things that divide RCSA en DRCA. What was the outcome of these discussions?
- 2 There is concluded that, although the two churches will not come in one Church bond in the short term, there are many points of agreement and the need for cooperation. What are these agreements and in what areas can the churches work together?
- 3 As churches we need to make the call for unity visible, but first we must be convinced that we are one in Christ. Has the RCSA already drawn this conclusion and on what grounds? Are the fundamental differences from the past now resolved?"<sup>59</sup>

In this Historical Overview one more aspect should be mentioned, namely the relationship between the FRCSA and the TKR (Tussen Kerklike Raad). The TKR consists of the so called Afrikaner 'Three Sister Churches', the NGKSA (DRC), NHKSA and GKSA (RCSA).

The FRCSA Synod 2008 mandated DCCSA to investigate the possibility of attending the TKR in the capacity of observers.<sup>60</sup> This in view of the fact that the APK was allowed to the TKR as observers. DCCSA reported three years later to FRCSA Synod 2011:

"The desire of the FRCSA to attend the TKR as observers, was conveyed to the deputies of the GKSA. The only possible way we will be able to attend, is when we will be invited to attend by one of the existing members. Deputies of the GKSA undertook to investigate this possibility. We were not yet able to receive any feedback from them in this regard. This still seems to us a very important goal to pursue, because it will give us a good impression of what the relations with the NGK and the NHK mean for the GKSA and in what ways we will be able to partake in the same."<sup>61</sup>

FRCSA Synod 2011 consequently mandated DCCSA again:

"2. To pursue the possibility of attending the TKR as observers"<sup>62</sup>

DCCSA however reported to FRCSA Synod 2014 that their request to become observers at the TKR was rejected by the TKR.<sup>63</sup>

---

<sup>58</sup> FRCSA Acts 2008, p77.

<sup>59</sup> FRCSA Acts 2014, p65-66.

<sup>60</sup> FRCSA Acts 2008, p24.

<sup>61</sup> FRCSA Acts 2011, p98.

<sup>62</sup> FRCSA Acts 2011, p20.

<sup>63</sup> FRCSA Acts 2014, p61.

[Ann. 5.12: Historical Overview re Women in \(Diaconal\) Office, in relation to its impact on the deliberations with the FRCSA.](#)

The first FRCSA synod that was held after the RCSA approved to open the office of deacon for women, mandated its deputies:

*Synod decides:*

- 10. that deputies have to evaluate the recent decision of synod of the RCSA, to allow women in the office of deacon.<sup>64</sup>*

On the next synod the FRCSA took a clear decision expressing their conviction:

*"Synod decides:*

...

5. That deputies convey synod's concern about the differences in the GKSA with regards to women serving in an office and monitor and evaluate the development regarding the issue.

*Grounds:*

- b. This matter uncovers the fundamental hermeneutical differences in understanding and applying Scripture in the GKSA;
- b. This is a contentious issue which affects a church's view on Scripture and influences the contacts between the churches."<sup>65</sup>

DCCSA consequently without delay executed this mandate given by FRCSA Synod 2008, and reported to the next FRCSA Synod in 2011:

*"4.3 To convey synod's concern about the differences in the GKSA with regard to women serving in an office and monitor and evaluate the development regarding the issue.*

*Synod's concern was conveyed in our meeting with deputies of the GKSA on 12 September 2008."*<sup>66</sup>

DCCSA mentioned in their report to FRCSA Synod 2014 a number of issues that can possibly be obstacles towards national unification with the RCSA. In their report they also indicated that the matter of women in the (diaconal) office is a hermeneutical issue.

*"Possible Hindrances for the unification with RCSA*

*2. Summary of possible hindrances*

Deputies relations within FRCSA churches in South Africa identify the following issues as possible hindrances for unification with the RCSA and we would like to discuss them with the Deputies of the Reformed Churches. These possible hindrances can be summarized under three categories, namely hermeneutics, ecumenical contacts and discipline.

...

*b. Hermeneutics*

*i.Decision: request for a document which reflects the official RCA approach to hermeneutics*

...

---

<sup>64</sup> "Die Sinode besluit: 10. Dat die deputate die besluit van die jongste sinode van die GKSA, om vroue tot die amp van diaken toe te laat, sal evalueer." VGKSA Handelinge 2005, p28.

<sup>65</sup> FRCSA Acts 2008, p24.

<sup>66</sup> FRCSA Acts 2011, p98.

iii. Attention to the issue of women in the office of deacon (and women in other special offices)”<sup>67</sup>

The next FRCSA synod (2014) called again on DCCSA to deliberate with the RCSA on issues obstructing unification on a national level:

“1. To continue contact with the RCSA on a national level in view of strengthening the bond in the unity of the Reformed faith.

Ground: To strive towards unity between believers is a Biblical command.

2. That in the discussions attention should be given to ... the issue of hermeneutics concerning the issues mentioned below:

i. What is the official RCSA approach to hermeneutics?

...

iii. The RCSA Synod’s decision on women as deacons.

In the discussions deputies should take into account that some churches have ordained female elders contrary to RCSA synod decisions.

Ground: Clarity regarding above issues should help to promote unity.”<sup>68</sup>

This synod also clearly pointed to the fact that the debate on women in the (diaconal) office is not just a matter of diverging exegeses, but of hermeneutical nature. This also becomes clear from the letter the FRCSA Synod 2014 wrote to their Dutch sister churches:

“We are compelled also to communicate our concern about developments in your federation regarding women in office. See annexure 3. We call on you to maintain the orthodox direction. In a church that wants to remain faithful to Holy Scripture, the matter of women in the special ecclesiastical offices cannot be framed as an open question. When the unambiguous teaching of the Word of God about male leadership in the church becomes a matter of debate, then a dangerous hermeneutical approach is showing its influence.”<sup>69</sup>

---

<sup>67</sup> FRCSA Acts 2014, p65.

<sup>68</sup> FRCSA Acts 2014, p12.

<sup>69</sup> FRCSA Synod Acts 2014, p171.